

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGE VAN DIE ONDERSOEK EN VOORSTELLE VIR DIE PROFESSIONALISERING VAN SPORTAFRIGTING IN DIE RSA

7.1 GEVOLGTREKKINGE

Tydens die voorgaande bespreking het verskeie sake rakende sportafrigting in verskeie buitelandse sportlande (hoofstuk 4) en die RSA (hoofstuk 5) na vore gekom. Teen die agtergrond van die wese van sport (hoofstuk 2) en professionalisering op sportgebied (hoofstuk 3) kon bepaalde probleme rakende sport in die algemeen, maar veral in die RSA geïdentifiseer word (hoofstuk 6) en kon verskeie gevolgtrekkings gemaak word.

In hierdie verband verdien die volgende sake aandag:

- Omdat Suid-Afrika nie op nasionale vlak oor 'n koördinerende afrigtersliggaam beskik nie, word afrigters en afrigting nie doeltreffend gekoördineer en beheer nie (p.296). Die voordele wat 'n doeltreffende sportafrigtingsstelsel bied word dus nie verwesenlik nie.
- Suid-Afrika beskik oor 'n gebrekkige infrastruktuur vir sportafrigting. Dit bring mee dat die afrigting en opleiding van afrigters ongeorganiseer geskied en nie stelselmatig opgebou word nie.
- Afrigting word benadeel deur geografiese en politieke isolasie. Die belangrikste probleem met betrekking tot geïsoleerdheid is die feit dat dit op afrigtingsgebied stagnasie veroorsaak. Die effektiewe evaluering van afrigtingsmetodes

word ook nadelig beïnvloed.

- In die RSA bestaan groot onkundigheid oor die sportafrigtingspraktik. Die voordele wat op sportgebied deur tegnologie en wetenskap moontlik is, soos in die praktik deur byvoorbeeld Oos-Duitsland en die USSR bewys is, kan nie ten volle benut word nie. Dit is so omdat die meeste van diegene wat sportafrigting waarneem nie daarvoor opgelei is nie (p. 315).
- "Kwasikunde" kom algemeen in sportafrigting voor. Omdat sportafrigters hulle afrigting dikwels op ongefundeerde metodes en beginsels grond, tree hulle onwetenskaplik op (p. 364). Dit benadeel die sportman in die ontwikkeling van sy sportvermoë en die prestasies wat hy behaal.
- Sportafrigting op skoolvlak toon bepaalde probleme. As gevolg van gebrekkige afrigting in talle gevalle word die deelname op alle vlakke benadeel. Deelname deur die gemiddelde leerlinge is nie na wense nie, terwyl toppresteerders dikwels psigologies en fisiologies benadeel word. Dit lei daartoe dat hulle sportdeelname dikwels staak (p. 422).
- As gevolg van onkundigheid van sportlui in besonder en die samelewing in die algemeen, is die prioriteitstand van sportafrigting in die praktik laag (p. 8).
- Die meeste mense wat by sport betrokke is openbaar gebrekkige insig in die wese van sport. Dit word onder andere bevestig deur h "foutiewe wenfilosofie" by sportlui. - -

- Die finansiering van sportafrigting is onvoldoende. Be-
lowende afrigters gaan dikwels vir die sportafrigtingsprak-
tyk verlore omdat hulle sportbetrokkenheid te veel persoon-
like onkoste meebring.
- Daar is bykans geen beroepsmoontlikhede vir sportafrigters
in Suid-Afrika nie. Beroepsekuriteit en realistiese besol-
diging bestaan bykans nie (p.369).
- Die heterogeniteit van die Suid-Afrikaanse bevolking,
tesame met demografiese veranderlikes bied besondere
geleenthede vir die Suid-Afrikaanse sportafrigtingspraktyk
(p.381).
- Daar was tot dusver in die RSA te min navorsing waarop
'n doeltreffende sportafrigtingspraktyk gefundeer kan
word (p.290). terwyl die beskikbaarstelling van sportinlig-
ting ook nie na wense is nie.

Wanneer die moontlikhede wat professionalisering op sportafrig-
tingsgebied inhou, in ag geneem word, sal besef word dat dit
inderdaad sportdeelname en sportprestasies positief kan beïn-
vloed. Dit is deur verskeie buitelandse sportlande bewys
soos byvoorbeeld die DDR, die USSR, Frankryk, Kanada, Switser-
land en die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland (hoofstuk 4).
Alhoewel verskeie van die lande nog nie rakende alle afrigtings=
aspekte 'n geprofessionaliseerde benadering volg nie, is die
mate van professionalisering wat reeds plaasgevind het, voldoen=
de bewys dat dit talle probleme op sport- en sportafrigtings=
gebiede kan help oplos.

Ten einde die voordele wat professionalisering in sportafrig-
ting bied, te verwesenlik, sal bepaalde sake wat sportdeelname
en sportprestasie bevoordeel, aandag moet kry. In die verband
word verskeie voorstelle gemaak.

7.2 VOORSTELLE VIR DIE PROFESSIONALISERING VAN SPORTAFRIGTING IN DIE RSA

In 'n geprofessionaliseerde sportafrigtingspraktyk moet:

- die beheer en koördinering van sportafrigting deur 'n koördinerende afrigtingsliggaam behartig word;
- die opleiding van sportafrigters op 'n gesistematiseerde en wetenskaplike grondslag geskied;
- aandag gegee word aan die status van die sportafrigter, veral met betrekking tot sy beroepsmoontlikhede, beroepssekuriteit en besoldiging;
- sportafrigting en die sportafrigter op 'n realistiese wyse gefinansier word;
- aandag aan voldoende afrigtingsgeleenthede vir sportlui geskenk word;
- sporttalent en die toppresterende betyds geïdentifiseer word;
- sportwetenskaplike navorsing op 'n gereelde en geordende basis onderneem word; en
- die resultate van die navorsing tesame met ander relatiewe inligting aan die sportafrigter beskikbaar gestel word.

7.2.1 Die beheer en koördinering van sportafrigting

7.2.1.1 Inleiding

'n Koördinerende afrigtingsliggaam moet op nasionale vlak ingestel word ten einde by te dra tot die professionalisering van sportafrigting in Suid-Afrika. Omdat nasionale sportbeheer=

liggame in Suid-Afrika outonoom is, is dit noodsaaklik dat die afrigtingsliggaam ook outonoom moet wees. Volgens die RGN-sportverslag (1982, 12:187) sal die ontkoppeling van sport van staatsbeheer, sport tot voordeel strek. 'n Afrigtingsliggaam op nasionale vlak sal daartoe bydra dat die sportafrigtingspraktyk in die RSA op 'n eenvormige wyse en volgens vasgestelde riglyne tot voordeel van sportlui, georden kan word. Volgens Atkinson (1981:312) kan die doelstellings van 'n liggaam nastrewe, vergelyk word met 'n span spelers wat 'n sportsoort volgens vasgestelde reëls speel.

Wanneer die heterogene aard van verskillende sportsoorte in ag geneem word en as gevolg hiervan die uiteenlopende vereistes wat in die onderskeie sportsoorte aan sportlui gestel word, kan die wenslikheid van 'n oorkoepelende afrigtingsliggaam vir alle sportsoorte bevraagteken word. Verder beskik verskeie nasionale sportbeheerliggame oor afrigtingskomitees wat die afrigters in die onderskeie sportsoorte op 'n besonder wyse kan oplei en 'n besondere afrigtingsbenadering, wat eie aan die bepaalde sportsoort is, kan ontwikkel. Die sportbeheerliggame wat nie oor 'n afrigtingskomitee beskik nie kan en behoort in elk geval aangemoedig te word om so 'n liggaam te stig, sodat dit 'n bydrae kan lewer om in hulle besondere afrigtingsbehoefte te voorsien.

Die volgende verskille tussen sportsoorte moet byvoorbeeld in ag geneem word:

- die uiteenlopende afrigtingsbenadering in die geval van individuele en spansportsoorte;
- in sportsoorte soos tennis en krieket bestaan die grootste

behoefte aan afrigting op die algemene deelnamevlak en die topsportlui is in 'n groot mate op hulleself aangewese, terwyl sportsoorte soos atletiek, rugby, sokker en hokkie op beide deelname, en topprestasievlakke besondere afrigtingsbehoefte het*;

- sommige sportsoorte soos byvoorbeeld die skietsportsoorte en atletiek het verskeie onderafdelings waarvoor besondere afrigters benodig word;
- verder het sportsoorte soos atletiek en tennis al ver gevorder met die opleiding van sportafrigters, terwyl in die geval van byvoorbeeld krieket die eerste poging tans eers gemaak word om met die opleiding van afrigters te begin en om afrigting te sistematiseer**;
- sommige sportsoorte besef die waarde van afrigting in hulle besondere sportsoort, terwyl die behoefte vir bepaalde sportsoorte nie eens bestaan nie (Van der Walt, 1984).

Alhoewel die genoemde verskille tussen sportsoorte voorkom, kan 'n oorkoepelende afrigtingsliggaam tog bepaalde voordele bied en behoort in 'n geprofessionaliseerde sportafrigtingspraktyd verweselik te word. Die afrigtingskomitees van die nasionale sportbeheerliggame sal nog voortgaan om in hulle eie besondere behoeftes te voorsien of aangemoedig word om dit te doen; terwyl 'n oorkoepelende afrigtingsvereniging

* Dit bring mee dat die klem in eersgenoemde gevalle hoofsaaklik op algemene deelnamevlakke val, terwyl in laasgenoemde gevalle vir beide algemene deelname, as topprestasie-deelname voorsiening gemaak moet word.

**'n Pos vir Direkteur van Krieket is tans deur die Sportstigting van Suider-Afrika in samewerking met die Suid-Afrikaanse Krieketvereniging, geadverteer en sal hopenlik teen 1 Augustus 1984 gevul word (Bacher, 1984).

h sentrale liggaam h besondere bedieningsmag sal hê om bepaalde doelstellings te verwesenlik.

Die doelstellings wat h Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportafrigting sal nastreef is om:

- die prioriteit van sport en sportafrigting in Suid-Afrika deur middel van geprofessionaliseerde benadering te verhoog, sodat die voordele wat dit bied deur die gemeenskap-ervaar kan word;
- sinvolle sportdeelname onder alle bevolkingsgroep en op alle deelnamevlakke te bevorder;
- die moontlikhede te skep sodat Suid-Afrikaanse sportlui topsportprestasie kan behaal;
- die opleiding van sportafrigters te orden en op wetenskaplike grondslag te vestig;
- na die belange van die sportafrigter, veral beroeps-moontlikhede, beroepsekuriteit en besoldiging om te sien;
- sorg te dra dat voldoende finansiële steun beskikbaar is ten einde die doelstellings van die Vereniging te kan verwesenlik en bevorder sonder dat 'n winsoogmerk nagestreef word;
- voldoende deelnamegeleenthede waartydens sportafrigting kan plaasvind, te skep;
- sportnavorsing te orden en aan te moedig en die inligting wat vir die sportafrigter van belang mag wees na die sportafrigtingspraktyk deur te gee;
- sportliggame met hulp en raad rakende sportafrigting te dien en 'n eenvormige afrigtingsbeheer daar te stel;

- op internasionale gebied met soortgelyke liggame wat soortgelyke doelstellings nastreef te skakel ten einde deur middel van internasionale kontak, die nadele wat isolasie op sportafrigtingsgebied inhou, teen te werk.
- in so 'n mate beheer oor sportafrigting uit te oefen dat slegs geregistreerde afrigters in die onderskeie sportsoorte mag afrig.

Ten einde die genoemde doelstellings te kan bereik word die volgende optrede deur die Vereniging beoog:

- die instelling van 'n afrigterskwalifikasieskema;
- die jaarlikse aanbieding van 'n afrigterssimposium;
- die uitgee van 'n afrigtingstydskrif;
- die uitnood van internasionale sportkundiges;
- die afvaardiging van Suid-Afrikaanse sportkundiges na byvoorbeeld internasionale simposia, kongresse en kursusse.
- die bevordering van afrigtingsgeleenthede op alle deelnamevlakke en onder alle bevolkingsgroepe;
- die werf van borgskappe en ander finansiële middele waardeur sportafrigting bevorder kan word;
- die verbetering van die status van die sportafrigter deur te pleit om beter besoldiging, meer beroepsmoontlikhede en -sekuriteit;
- die stimulering van sportafrigting en die opdra van kontraknavorsing aan kundige navorsers;
- die sluit van kontrakte en die uitoefening van verskillende aktiwiteite ter bevordering van bogemelde doelstellings.

h Voordeel van so h liggaam of instelling is dat die lede, binne perke volgens hulle eie behoeftes reëls kan opstel en sodra die reëls onuitvoerbaar of onprakties is of nie aan hulle doel beantwoord nie, kan dit gewysig word. In so h liggaam moet die regte van die minderheid beskerm word, terwyl die wil van die meerderheid gehandhaaf moet word (Atkinson, 1981:312). Atkinson (1981:312) beweer verder dat die reëls van so h organisasie of liggaam dit altyd moontlik moet maak om die wettige doelstellings te bereik, sonder dat dit onnodige probleme skep of landswette teengaan.

Omdat h grondwet of konstitusie h belangrike rol speel om die aktiwiteite van h liggaam glad te laat verloop, moet so h grondwet vir die afrigtingsliggaam opgestel word.* Dit is belangrik om daarop te let dat diegene wat as lede by so h liggaam aansluit met die inhoud van die grondwet vertrouwd moet wees, daarmee moet saamstem en die grondbeginsels wat daarin vervat is, moet nakom.

Indien h outonome sportraad vir Suid-Afrikaanse sport ingestel word en bepaalde portefeuljes geskep word om die verskillende aktiwiteite van die raad te behartig (RGN, 1982, 12:188), kan die grondwet van die afrigtingsliggaam aangepas word sodat dit as h portefeulje van die sportraad by die grondwet van laasgenoemde kan inskakel. So h inskakeling sal onnodige deversifisering van sportaangeleenthede voorkom en die nodige infrastruktuur skep.

* Bylae C, p.522.

Alle nasionale sportliggame behoort oor afrigtingskomitees te beskik. In hierdie afrigtingskomitee kan die kundiges, op die gebied van sportafrigting in besondere sportsoorte, saamgetrek word as 'n bedingingsliggaam vir byvoorbeeld besondere afrigtingsbehoefte, probleme en vereistes. So 'n komitee is ook noodsaaklik om sowel praktiese afrigtingsaangeleenthede soos kursusse, simposia en klinieke in die bepaalde sportsoorte te beplan en te organiseer, as om 'n eenvormige afrigtingsbeleid vir die besondere sportbeheerliggaam daar te stel.

'n Verdere belangrike funksie van so 'n komitee sal rondom aspekte wat te make het met die opleiding van afrigters sentreer, aangesien hierdie individue as kundiges op 'n bepaalde gebied leiding met betrekking tot die afrigtingsituasie van hulle eie sportsoorte sal moet gee. Dit mag baie sinvol wees as 'n tegniese komitee as deel van die afrigtingskomitee ingestel word. Hierdie komitee behoort dan verantwoordelikheid vir die inhoud van afrigtersopleiding te aanvaar. Dit sluit sowel die samestelling van leergange in, as die neerlegging van standaarde waarvolgens eksaminering sal plaasvind.

7.2.2 Die opleiding van sportafrigters

7.2.2.1 Inleiding

Aangesien 'n sportopleidingstelsel binne bepaalde werkbare riglyne sy beslag moet vind, is 'n goeie beredeneerde beginselgrondslag en riglyne noodsaaklik ten einde doelstellings waarvolgens die sportopleiding gestruktureer kan word te kan formuleer (Botha, 1981:73). So 'n sportopleidingstelsel

"voorveronderstel h gefundeerde teorie wat beslag sal vind in h verantwoordbare praktyk" (Botha, 1981:73).

Die beginsels, riglyne en doelstellings van h nasionale sportopleidingstelsel is uiteengesit in die RGN-sportverslag 1982 (nr. 12:80-94)*

a) Die volgende beginsels is van belang:

Die sportopleidingstelsel moet:

- lewensbeskouslik verantwoordbaar wees;
- demokraties wees;
- gelykwaardigheid verseker; en
- toepaslik wees.

b) Hieruit volg die volgende riglyne:

Die sportopleidingstelsel moet:

- die kern van h sportstrategie uitmaak;
- behoeftegeurig wees;
- massadeelname wat uitloop op topprestasie stimuleer;
- verband hou met wisselwerking tussen binneskoolse en naskoolse sportonderrig;
- funksioneel en werkbaar wees;
- koördineerbaar wees;
- kontroleerbaar wees;
- rasionaliseerbaar wees;

* Daar behoort egter slegs een geldende beginsel, naamlik lewensbeskouslike verantwoordbaarheid te wees. Die res van die bogenoemde beginsels word dus saam met die riglyne as basiese vereistes vir h sportopleidingstelsel beskou.

- wisselwerking tussen sentralisasie en desentralisasie moontlik maak;
- opleidingskragte integreer;
- kontemporêr wees;
- voorsiening maak vir differensiasie;
- deurlopend wees;
- progressief wees;
- deur navorsing gerigsteun word;
- wetenskaplik wees;
- professioneel wees;
- finansierbaar wees.

c) Doelstellings

Uit die voorgenoemde beginselgrondslag kan die volgende doelstellings geformuleer word;

- oriëntasie met betrekking tot die Suid-Afrikaanse sport-filosofie;
- sportopleiding as deel van nasionale sportstrategie;
- outentieke infrastruktuur vir sportopleiding;
- ordening van sportopleiding volgens erkende beginsels en metodes;
- verhoging van gehalte van leierskap;
- bevordering van massadeelname;
- ontwikkeling van hoogste sportprestasies;
- binnelandse selfversorging en -verwesenliking;
- vakwetenskaplike insig;
- uitbouing van sportwetenskap;
- amptelike erkenning en nasionale sertifisering;
- inskakeling van teorie by praktyk;

- grondslag vir sportkundige beroepe;
- groter bewustheid en verantwoordelikheid;
- groter onderliggende samewerking en konsolidasie;
- landswye desentralisasie; en
- optimalisering van onderrig.

Die model wat vir die sportopleidingstelsel in Suid-Afrika voorgestel word, sal aan die basiese vereistes getoets word (p.473).

7.2.2.2 Bestuursleiding

Opleiding vir 'n besondere taak is een van die belangrikste vereistes vir professionalisering op 'n bepaalde terrein in die maatskaplike lewe (p.57).

In 'n geprofessionaliseerde sportafrigtingspraktyk sal die opleiding van sportafrigters dus 'n belangrike plek moet inneem. Om verantwoord te kan word sal hierdie opleidingstelsel wetenskaplik gefundeer moet wees.

Sentrale bestuursleiding in die sportopleidingspraktyk hou besondere voordele in. Dit sal onder andere eenvormige norme en standaarde tot gevolg hê. Sentrale organisasie en administrasie sal ook koördinerende, kontrole en evaluering vergemaklik.

'n Sportopleidingstelsel moet voorsiening maak vir formele en nie-formele opleiding van afrigters en alle instansies wat by opleiding betrokke is moet organisatories in een liggaam betrek word. Hierdie funksie kan vervul word deur 'n

vaste komitee van die Suid-Afrikaanse Sportafrigtingsvereniging, naamlik die opleidingskomitee.*

Aangesien SAVSLOR 'n opleidings- en navorsingsliggaam is wat ten nouste met opleidingsinstansies saamwerk, is dit noodsaaklik dat hierdie vereniging 'n prominente rol in die hele proses van afrigtersopleiding moet speel. Hierdie siening word ook deur Botha (1981:108) gehuldig.

'n Verteenwoordiger van SAVSLOR moet dus in die opleidingskomitee opgeneem word, tesame met verteenwoordiging van die nasionale sportbeheerliggame se afrigtingsliggame.

Op hierdie wyse word die universiteite wat verantwoordelik is vir formele opleiding, en sowel die sportinstitute as die afrigtingskomitees van die sportbeheerliggame wat vir die nie-formele sportopleiding verantwoordelik is, op dié komitee verteenwoordig.

Omdat SAVSLOR in die afdeling sportwetenskap voorsiening maak vir skakeling met opleidingsinstansies, sal formele sportopleiding dus op gekoördineerde wyse kan plaasvind. 'n Afrigterskwalifikasieskema waarvolgens sportafrigters op nie-formele wyse opgelei kan word en wat volgens vasgestelde riglyne en vereistes deur die verskillende sportbeheerliggame en sportinstitute geïmplimenter word, sal verseker dat nie-formele sportopleiding ook op gekoördineerde wyse kan plaasvind.

Omdat sportsoorte van mekaar verskil moet daar in die opleiding van die afrigters ook voorsiening gemaak word

* Vergelyk grondwet, Bylae C, p. 522.

vir opleiding in bepaalde sportsoorte. Hierdie opleiding en alles wat daarmee saamhang, soos byvoorbeeld eksaminering en die praktiese ervaring wat benodig word, moet in die geval van nie-formele opleiding deur die afrigtingskomitee van die nasionale sportbeheerliggame behartig word.

Wat die opleiding van sportafrigters in h bepaalde sportsoort by formele opleiding betref, sal hierdie opleiding volgens interne reëlings van die universiteit plaasvind. Die standaard van opleiding rakende besondere sportsoorte sal egter aan vereistes wat deur die sportbeheerliggame neergelê word, moet voldoen, alvorens die afrigters as afrigters in h bepaalde sportsoort sal kan registreer. Daar sal dus h korrelasie tussen nie-formele opleiding en formele opleiding nodig wees.

In die opleiding van h sportafrigter is daar egter verskeie sake wat vir alle afrigters geld, ongeag die sportsoort waarvoor hulle hulle as afrigters bekwaam. Hierdie opleiding kan gesamentlik aangebied word; in die geval van formele opleiding deur die universiteite en in die geval van nie-formele opleiding deur sportinstitute aan universiteite*.

Afrigtersopleiding bestaan dus uit twee hoofafdelings, naamlik die algemene afdeling, ook genoem horisontale opleiding en die spesifieke afdeling, ook vertikale opleiding genoem.

* Kyk sportinstitute p. 464.

Die inhoudelike van die sportafrigtingspraktyk sal so uitgebou moet word dat dit voldoen aan die vereistes wat daaraan gestel word - dit moet relevant wees, aan die eise van wetenskaplikheid voldoen en aan die sportdeelnemer se behoeftes beantwoord. Die professionalisering van die sportafrigtingspraktyk sal nie 'n realiteit word tensy dit sportwetenskaplik gefundeer is nie.

In die beplanning van 'n sportafrigtingspraktyk vir Suid-Afrika sal voorsiening gemaak moet word vir diegene wat arm aan sportkultuur is, terwyl diegene wat daarvoor verantwoordelik is dat Suid-Afrika reeds op die wêreldsportkaart geplaas is, nie buite rekening gelaat moet word nie.

Om te kan voorsien in die behoeftes van diegene wat reeds op sportgebied ver gevorder het en wat oor sportkulturele agtergrond beskik, sal aandag gegee moet word aan die deeglike opleiding van afrigters om selfs op hoogste vlak die nodige leiding en rigting te kan gee. 'n Opleidingstelsel sal dus ook voorsiening moet maak vir diegene wat voltyds professioneel as afrigters wil of moet optree.

7.2.2.3 Formele sportopleiding

7.2.2.3.1 Opleidingsmoontlikhede en -verantwoordelikhede

Tydens 'n vergadering van die departementshoofde van Liggaamlike Opvoedkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite wat op 17 Februarie 1984 te Pretoria gehou is, is die moontlikheid bespreek om departemente Bewegingskunde in die plek van departemente

Liggaamlike Opvoedkunde in te stel*. In die nuwe departemente sal voorsiening gemaak word vir vier verskillende afdelings, naamlik Sportkunde, Rekreasiekunde, Liggaamlike Opvoedkunde en Oefenkunde. Indien hierdie besluite in die praktyk werklikheid word, sal die formele opleiding van sportafrigters 'n veilige hawe in die sportkundeafdeling vind.

Totdat departemente Bewegingkunde egter tot stand gekom het, kan formele sportopleiding deur departemente Liggaamlike Opvoedkunde aangebied word. In hierdie geval moet Sportkunde as vak aangebied word. Om Sportkunde as hoofvak vir graaddoel-eindes in aanmerking te laat kom, behoort die kursus oor driejaar aangebied te word en sportteorie moet behandel word. Behalwe basiese vakwetenskaplike opleiding moet kandidate ook in een sportsoort in besonder tot die hoogste vlak opgelei word. Teoretiese en praktiese werk moet 'n belangrike deel van die opleiding uitmaak.

Tydens die driejarige sportkundige opleiding moet benewens die tweede hoofvak, sekere aanverwante dissiplines in die eerste twee studiejare gevolg word. Toepaslike modules in vakke soos byvoorbeeld Psigologie, Filosofie, Sosiologie, Personeel- en Bedryfsielkunde, Besigheidsadministrasie, Kommunikasiekunde, Liggaamlike Opvoedkunde, Biochemie, Fisiologie en Statistiek kan waardevolle aanvullings tot die opleiding van 'n sportafrigter wees.

Ten einde Sportkunde vir studente in ander studierigtings toeganklik te maak vind basiese opleiding in die eerste studie-

*Notule van vergadering

jaar plaas. Gedurende hierdie jaar word studente bekendgestel met verskillende afdelings van sportteorie, terwyl gedurende die twee en derde studiejaar op besondere aspekte van sportteorie gekonsentreer word.

Nagraadse kursusse in Sportkunde moet ook ingestel word. Dit sluit 'n honneurskursus en moontlikhede vir meestersgraad- en doktorsgraadstudie in.

Aangesien opleiding van die sportafrigter op 'n sterk akademiese onderbou gebaseer is, behoort so 'n afrigter, benewens dienste in die afrigtingspraktyk self, ook bydraes in die opvoedkundige en navorsingsveld te kan lewer.

Voordat dit egter verwesenlik kan word sal afrigters na graadopleiding 'n onderwysdiploma moet verwerf. Teneinde die beroeps- moontlikhede vir afrigters in die onderwys te verbeter moet skoolgerigte vakke saam met Sportkunde tydens die graadopleiding geneem word.

7.2.2.3.2 Opleidingsinhoud vir formele sportopleiding

Formele sportopleiding kan in vier afdelings ingedeel word, naamlik:

- A. Basiese vakwetenskaplike opleiding
- B. Sportspesifieke opleiding
- C. Afrigterservaring
- D. Eksaminering.

Die opleidingsinhoud en die tyd wat aan elke afdeling bestee word, word in Figuur 21 weergegee.

A. Vakke= Wetenskap opleiding	EERSTE STUDIEJAAR		TWEDE STUDIEJAAR		DERDE STUDIEJAAR		NAGRAADS	
	VAKKE	LESEENHEDE	VAKKE	LESEENHEDE	VAKKE	LESEENHEDE	Honneurs, M- en D-grade (Keuse)	
Eerste semester	Basiese opleiding - Inleiding tot die kursus - Sportgeskiedenis - Sportfilosofie - Sportpsigologie - Beginsels van sport= administrasie en -organisasie - Sportdidaktiek - Anatomiese en fisio= logiese beginsels - Motoriese leer	2 4 8 8 8 6 12 12	- Sportfisiologie - Evaluering - Biomeganika - Algemene inoe= feningsleer	15 } Eerste module. 15 } 15 } Tweede module. 15 }	- Sportpsigologie - Sportsosnologie - Sportbeserings en rehabilitasie - Navorsings- en laboratorium teg= nieke	15 } Eerste module 15 } 15 } Tweede module 15 }	- Antropometrie - Sportfisiologie - Biomeganika - Motoriese leer - Sportgeskiedenis - Sportsosnologie - Sportpsigologie - Navorsings- en laboratoriumtegnieke	
	TOTAAL	60		60		60		
B. Sport= spesifie= ke oplei= ding Tweede semester	- Besondere geskiedenis - Teorie van sportsoort - Besondere metodologie van bepaalde tegnieke - Spesifieke fisieke fiks= heid - Algemene vaardighede - Besondere inoefenings= aktiwiteit	4 } Eerste module 6 } 20 } 6 } Tweede module 6 } 18 }	- Teorie van sport= soorte - Besondere inoe= geningsleer - Reëls en skeids= regting - Besondere tegniek - Buitelandse tendense	10 } Eerste module. 10 } 10 } Tweede module 26 } 4 }	Besondere inoefe= ningsaktiwiteite: Tegnies-Taktiese inoefening Fisieke inoefening Geestelike inoe= gening - Evalueringsmetodes - Buitelandse tenden= se	30 } Eerste module 15 } 5 } Tweede module 6 } 4 }		
	TOTAAL	60		60		60		
Evalue= ring	2 uur per week: saam met gekwalifiseerde afrigter Beginnersvlak			Algemene deelnamevlak		Verantwoordelik vir eie span; Algemene deelnamevlak		2 uur per week. Gevor= derde deelnamevlak
Eksamens	Eksaminering in 4 afdelings: - vakwetenskaplike kennis - sportspesifieke kennis - metodologie (afrigtingspraktyk) - persoonlike basiese vaardighede						Eksaminering in besondere afdeling	

FIGUUR 21 DIE INHOUD EN DIE TYDSBESTEDING AAN ELKE AFDELING TYDENS FORMELE SPORTOPLEIDING

Die opleidingstyd wat beskikbaar is, is twee modules van 30 leseenhede elk vir ses semesters. Die eerste semester van elke jaar word aan algemene sportteorie gewy, terwyl die tweede semester aan sportspesifieke opleiding bestee word.

Die onderskeie modules kan ook deur studente uit ander studierigtings gevolg word. Vir 'n volledige opleiding in Sportkunde moet al die afdelings egter bestudeer word. Sportspesifieke opleiding word dikwels gebaseer op insigte wat in die vakwetenskaplike afdeling verkry word.

Die tydsverhouding wat aan elke afdeling toegeken word weer- spieël die belangrikheid van die onderskeie afdelings tydens die opleiding.

Die opleiding in 'n bepaalde sportsoort* word gebou op die insigte wat tydens die vakwetenskaplike opleiding verkry word en word in die tweede semester van elke studiejaar aangebied. Tydens hierdie opleiding moet die voornemende afrigter die basiese vaardighede van die betrokke sportsoort kan uitvoer, sodat hy die verskillende vaardighede kan demonstreer.

Vir ten minste twee uur per week, moet die voornemende afrigter saam met 'n reeds gekwalifiseerde afrigter in die afrigtings-

* Sportsoorte in hierdie afdeling word beperk tot die sportsoorte waarin daar beroepsmoontlikhede is of wat in skoolverband aangebied word. Indien die afrigter in meer sportsoorte opleiding verlang, kan 'n verskeidenheid sportsoorte deur middel van die nie-formele opleidingsprogram (p.462). bestudeer word.

praktyk ervaring opdoen.

Eksaminering vind ten opsigte van die verskillende afdelings van die opleiding plaas, naamlik:

Vakwetenskaplike kennis:	100
sportspesifieke kennis:	100
metodologie:	100
persoonlike basiese vaardighede:	100

Die punte word in persentasie bereken.

'n Subminimum van 50% word in elke besondere onderafdeling vereis. 'n Gemiddelde slaagpunt beteken dus nie dat die kandi=daat slaag nie.

7.2.2.4 Nie-formele sportopleiding

7.2.2.4.1 Opleidingsmoontlikhede en -verantwoordelikhede

Nie-formele sportopleiding is hoofsaaklik gerig op die vrywil=lige of deeltydse afrigter, alhoewel die moontlikhede tog geskep kan en moet word vir 'n sportafrigter om langs die weg van nie-formele opleiding tot 'n professionele afrigter in 'n bepaalde sportsoort te vorder.

Ten einde 'n nasionale sportopleidingstelsel te laat slaag, sal die nasionale sportbeheerliggame verantwoordelikheid vir die opleiding van sportafrigters in hulle bepaalde sport=soorte (vertikale opleiding) moet aanvaar. Hierdie feit word ook deur Botha (1981:94) beklemtoon. Aangesien die

Sportstigting van Suider-Afrika in bepaalde sportsoorte kundiges aanstel om met die opleiding van sportafrigters behulpsaam te wees (p.333), kan diegene baie waardevol by afrigtersopleiding in die besondere sportsoorte betrek word.

Aangesien die sportbeheerliggame egter nie noodwendig toegerus is om die algemene (horisontale) opleiding te behartig nie, moet dit deur 'n instansie of instansies wat wel daarvoor toegerus is, waargeneem word*.

Dit is nodig om daarop te let dat alhoewel die eie-aard van die sportsoorte erken moet word, dit belangrik is dat die kwalifikasievereistes vir sportafrigters in die verskillende sportsoorte vergelykbaar moet wees. Dit is 'n vereiste indien nasionale erkenning vir hulle afrigtingskwalifikasies nagestreef word. Die opleidingstelsels van die onderskeie sportbeheerliggame (vertikale opleiding) sal dus aan bepaalde vereistes moet voldoen.

Die horisontale sportopleiding sal ook gestandaardiseer moet word. Dit sal veral belangrik wees as meer as een instansie hierdie opleiding waarneem.

* Hierdie opleidingswyse word deur byvoorbeeld Kanada (p.134) en Nederland (p.250) gevolg. Verder het die sportliggame in verskeie ander buitelandse sportlande ook direkte inspraak by die afrigtersopleiding byvoorbeeld in Switserland (p.263) Oostenryk (p.251), Israel (p. 123) en België (p.225). In die geval van Australië (p. 276), Engeland (p.163) en Wes-Duitsland tot op 'n bepaalde vlak van opleiding (p. 234), aanvaar die sportliggame alleen verantwoordelikheid vir die opleiding. In Frankryk (p.243), die DDR (p. 188) en USSR (p.204) aanvaar die staat die verantwoordelikheid vir afrigtersopleiding

Eenvormige sportopleiding op nie-formele vlak vir beide die horisontale en die vertikale opleiding kan verweselik word indien 'n opleidingkwalifikasieskema met vasgestelde riglyne geïmplementeer word. In so 'n skema sal die nasionale sportbeheerliggame volgens die besondere vereistes van hulle sportsoorte die vertikale opleiding behartig, terwyl die horisontale opleiding deur 'n opleidingsinstansie of -instansies behartig sal word. Hierdie opleidingswerk kan deur die opleidingskomitee van die Suid-Afrikaanse Afrigtingsvereniging gekoördineer en beheer word. Botha (1981:94) beveel aan dat sportnavorsings- en sportopleidingsinstitute aan die departemente van Liggaamlike Opvoedkunde van Suid-Afrikaanse universiteite gevestig moet word. Op hierdie wyse kan sport in Suid-Afrika wetenskaplik gefundeer word en kan dit beslag gee "aan 'n sistematiese, gekoördineerde en gekontroleerde opleidingsaksie". Die sportinstitute kan die horisontale opleiding waarneem en ook waar nodig die sportbeheerliggame bystaan in die opstel van hulle afrigtersopleidingsprogram, indien hulle dit verkies.

Wat die vestiging van institute, in hierdie geval sportinstitute, aan universiteite betref, moet enkele sake uitgelig word.

- Verskeie Suid-Afrikaanse universiteite beskik tans oor sportinstitute (Malan, 1984:1).
- Volgens riglyne vir die evaluering van institute wat deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die PU vir CHO*, aanvaar is, moet 'n instituut 'n omvangryke potensiaal aan navorsingsprojekte hê wat nie normaalweg binne die infrastruktuur van 'n departement geakkomodeer kan word nie

* Vergadering van die fakulteitsraad: Notule, 2 Mei 1984.

en/of wat interdisiplinêr is. Die navorsing moet aktueel wees daarin dat dit van fundamentele akademiese belang moet wees en ook moontlik van gemeenskaps- en/of landsbelang.

Die navorsingsresultate moet verder tot voordeel van die onderrig en opleiding in die verwante departemente kan inwerk, terwyl die instituut in sy navorsingsopset aan nagraadse studente geleentede vir opleiding in oorspronklike navorsing moet bied.

- Wanneer 'n instituut 'n navorsingsbeen van 'n departement of departemente is, berus die finansiering primêr by die universiteit. Die beskikbaarheid van finansiële steun afkomstig van privaat, statutêre en/of staatsinstansies, sal die stigting van 'n instituut gunstig beïnvloed.
- 'n Instituut mag nie uitsluitlik dienslewering nastreef nie en indien diens wel gelewer word, moet die fondse hiervoor van buite die universiteit verkry word.
- Indien 'n sportinstituut effektief wil funksioneer moet dit benewens die natuurwetenskaplike komponente (fisiologie, meganika, farmakologie, ensovoorts) ook verskeie ander komponente uit die geesteswetenskappe (byvoorbeeld sportbestuur, sportpsigologie, sportfilosofie), die regs wetenskappe (wette, ordonnansies, proklamasies ensovoorts) en die ekonomiese wetenskappe herberg (Malan, 1984:2).
- Volgens Malan (1984:3-8) is navorsing, nie-formele opleiding en gemeenskapsdiens drie basiese funksies van 'n sportinstituut en elk van hierdie funksies hou besondere voordele in, byvoorbeeld:

a) Navorsing

- i) Navorsing skep 'n wetenskaplike basis vir kennisverdieping en -ontginning.
- ii) Met die nodige befondsing kan dit as teelaarde vir nagraadse studente in sport- en oefenkunde dien.
- iii) Dit versterk die Universiteit se beeld van wetenskaplike benadering tot sportbeoefening.
- iv) Die daarstelling van die voorgestelde Instituut skep 'n struktuur waardeur sportgerigte dienslewering kan plaasvind.
- v) Deur dienslewering kan fondse gegeneer word, terwyl inligting terselfdertyd vir navorsing ingewin kan word.

b) Nie-formele opleiding:

- i) Die persoon wat dit aanbied se kennisveld verbreed, hy/sy raak bekend en verkry daardeur status in sy vakterrein;
- ii) die aanbieder van nie-formele opleiding, soos die geval met navorsing, werk bevrugterend in op die betrokke dosent se aanbieding van basiese opleiding;
- iii) dit is 'n uiters belangrike diens wat die universiteit (deur die sportinstituut) aan die gemeenskap lewer en waarby die gemeenskap groot baat vind;
- iv) die universiteit word sodoende positief na die gemeenskap uitgedra;

- v) die dosent kan finansiële baat hierby vind;
- vi) die dosent is ten nouste betrokke by die sport=
praktiek wat in 'n vak soos Liggaamlike Opvoedkun=
de noodsaaklik is.

Uit die voorgenoemde bespreking kan afgelei word dat die instel=
ling van sportinstitute aan universiteite verantwoord kan
word en hierdie institute kan dan onder andere behulpsaam wees
met die nie-formele opleiding van sportafrigters.

Die nie-formele opleiding moet op 'n deeltydse basis geskied.
Voornemende afrigters meld periodiek vir opleiding by die betrok=
ke institute aan. Hulle kan ook vir 'n gekonsentreerde periode
opleiding ontvang. Sodra 'n afrigter 'n sekere mate van rypheid
bereik het, kan hierdie opleiding ook met tuisstudies gekombi=
neer word, soos in Switserland reeds die geval is (p.265).

As gevolg van die geografiese uitgestrektheid van die land,
behoort die moontlikhede ook geskep te word dat aspekte van
afrigtersopleiding (byvoorbeeld teoretiese gedeeltes) per
korrespondensie afgehandel kan word. Wanneer die kandidate
dan vir verdere aspekte van die opleiding bymekaarkom, kan
probleme opgelos word, praktiese werk en eksaminering afgehan=
del word. Op hierdie wyse kan reis- en verblyfkoste verminder
word, asook tyd wat met reise verlore gaan, bespaar word.

Sportliggame sal volledige handleidings waarvolgens die besonde=
re opleiding van bepaalde sportsoorte behartig kan word, moet
laat saamstel. Alhoewel dit die sportliggame vry staan om
hulp en raad in die samestelling van hierdie handleiding te
verkry, is dit belangrik dat handleidings wat op bepaalde
sportsoorte betrekking het, deur die sportliggame self goedge=
=

keur moet word. Indien dit nie die geval is nie kan dit same-
werking tussen opleidingsinstansies benadeel.

Nasionale sportbeheerliggame as outonome instellings kan besluit
om nie by so 'n stelsel van afrigtersopleiding in te skakel
nie, soos wat wel onder andere in die Bondsrepubliek van Wes-
Duitsland met sokker en in Kanada met yshokkie gebeur het
(p.137):

Indien so 'n opleidingstelsel sportwetenskaplik gefundeer is
en op professionele wyse geïmplimenter word sodat die onder-
skeie sportsoorte daardeur bevorder word, en die afrigters
verskeie voordele soos nasionale erkenning vir hulle kwalifi-
kasies verkry, sal die wenslikheid tot inskakelik by so 'n
nasionale opleidingskema hopelik deur alle Suid-Afrikaanse
sportbeheerliggame ingesien word.

7.2.2.4.2 Die nie-formele opleidingsprogram

In die opleiding van sportafrigters moet voorsiening gemaak
word vir die besondere behoeftes van diegene wat by sportaf-
rigting betrokke is. Dit impliseer dat verskillende vlakke
van opleiding aangebied moet word om te korreleer met die
verskillende vlakke van sportdeelname. Hiermee saam moet
ook die betrokkenheid van die individu ten opsigte van die
afrigting in gedagte gehou word, byvoorbeeld of hy op 'n vrywil-
lige-, deeltydse- of voltydse basis betrokke is, of dit dus
op 'n vrywillige (onbesoldigde), semi-professionele of profes-
sionele basis berus.

In die onderhawige ondersoek het dit aan die lig gekom dat
afrigters wel op al drie die vlakke betrokke is, alhoewel
468

daar op gewys moet word dat die behoefte aan voltydse afrigters nie in al die sportsoorte dieselfde is nie, dat die beroeps=moontlikhede verskil en dat professionele afrigting soms glad nie toegelaat word nie (p.318).

Aangesien afrigting egter wel op voltydse vlak ook aangebied word, moet in die opleidingspraktyk ook vir diegene voorsiening gemaak word.

Dit is belangrik om daarop te wys dat al die afrigters opgelei behoort te wees vir die taak wat hulle verrig. Om dit in die praktyk te verwesenlik, sal 'n afrigterskwalifikasieskema in werking gestel moet word. Indien amptelike erkenning vir so 'n skema beoog word, sal dit 'n nasionale poging moet wees, wat vir alle Suid-Afrikaanse sportsoorte geld. Wanneer so 'n skema in werking is, sal dit moontlik wees om afrigters te re=gistreer en ook register te hou van die besondere kwalifikasies waaroor hulle beskik. Hierdie register sal dit moontlik maak dat kontrole oor afrigters uitgeoefen kan word.

Ongekwalfiseerde persone kan nog altyd dienste aan sport lewer deur byvoorbeeld roetine-take waar te neem, of as hulpafrigter saam met 'n gekwalfiseerde persoon af te rig.

Botha (1981:114-140) het opleidingsmodelle voorgestel wat gerig is op die kwalifisering van vrywillige en deeltydse sportafrigters en voorsiening word vir drie opleidingsvlakke gemaak. Aangesien hierdie modelle wat inhoud en indeling betref ooreen=kom met erkende en reeds beproefde sportopleidingstelsels in die buiteland, word die implimentering daarvan ook in hierdie ondersoek onderskryf.

Om egter voorsiening te maak vir diegene wat as gevolg van gebrekkige sportagtergrond nie by die eerste opleidingsvlak soos voorgestel deur Botha (1981:125) kan inskakel nie, word 'n voorbereidende of oriënterende kursus voorgestel. Na voltooiing van hierdie kursus kan diegene wat geslaag het, as oefenleiers kwalifiseer en behulpsaam wees met die aanleer van die basiese vaardighede in bepaalde sportsoorte. Hierdie kursus is nie 'n vereiste vir toelating tot die eerste opleidingsvlak nie. Eksaminering vind ook nie plaas nie. Kandidate ontvang slegs bywoningstifikate wat uitgereik word deur die opleidingskomitee van die Suid-Afrikaanse sportafrigtingsvereniging.

Aansluitend by die modelle van Botha, moet 'n hoër kwalifikasie as vlak III ook aangebied word, naamlik die vir 'n sertifikaat as professionele afrigter. Deur hierdie opleiding moet sportafrigters voorberei word om in 'n bepaalde sportsoort voltyds professioneel te kan afrig. Dit beteken dus dat 'n individu deur middel van nie-formele onderrig kan vorder tot die vlak van beroepsafrigter.

Benewens die feit dat aan die vereistes vir verskillende opleidingsvlakke voldoen word, is toepaslike ervaring ook in elke geval noodsaaklik.

Indien 'n individu egter al 'n ervare afrigter is, maar nie oor enige afrigterskwalifikasies beskik nie, hoef so 'n persoon nie noodwendig al die opleidingskursusse te volg nie. Sou 'n persoon direk by 'n hoër kwalifikasievlak wil inskakel, moet 'n toelatingseksamen afgelê word. As hy slaag, kan so 'n afrigter met die besondere verlangde opleidingsvlak voortgaan. Op hierdie wyse kan die oriënteringskursus en vlakke I en II oorge-

slaan word. Vlak III moet egter gevolg en geslaag word, voordat erkenning op die vlak verkry kan word en die kandidaat met die kursus vir 'n professionele afrigter kan voortgaan.

Indien 'n afrigter nie voortgaan met die kursus om te kwalifiseer as professionele afrigter nie, kan die betrokke sportbeheerliggaam besluit of die afrigter voldoen aan die vereistes vir 'n ere-toekenning wat neerkom op 'n merietetoekenning as gevolg van dienste wat aan die betrokke sportsoort gelewer word (Botha, 1981:122).

Die inhoudelike van sowel die voorbereidende kursus as die kursus vir professionele afrigters word in bylae D (p.542) en bylae E (p.544) onderskeidelik weergegee. Dit sluit aan by die modelle van Botha (1981:117-140).

7.2.2.5 Bekwaamhede van professionele en semi-professionele afrigters

Na afloop van die opleiding as professionele afrigters (formeel- of nie-formeel opgelei), behoort die afrigters die volgende take in hulle eie sportsoorte te verrig.

1. Die samestelling van hoogs gespesialiseerde inoefeningsprogramme in 'n besondere sportsoort.
2. Die evaluering van fiksheid in al sy vorme.
3. Die samestelling van fiksheidsinoefeningsprogramme vir topsportlui.
4. Die samestelling van kraginoefeningsprogramme.
5. Die samestelling van soepelheidsprogramme.
6. Die identifisering en regstelling van foute met betrekking tot tegniese vaardighede.

7. Raadgewing in verband met voedingsprogramme.
8. Die beplanning en opstelling van algemene strategieë.
9. Die ontwikkeling van voorwedstrydstrategie.
10. Die ontwikkeling van wedstrydstrategie
11. Probleemoplossing $\left\{ \begin{array}{l} \text{sportlui} \\ \text{afrigters} \end{array} \right.$
12. Die motivering van sportlui vir langtermyninoefening
14. Die identifisering van sportlui met besondere talente in die bepaalde sportsoort.
15. Die uitvoering van laboratoriumtegnieke.
16. Die skryf van artikels en verslae.
17. Die afrigter moet die skema van leiding en begeleiding vir topsportafrigters wat deur Butenko (p.83) saamgestel is, kan hanteer.

7.2.2.6 Bykomende opleidingsmoontlikhede

Ten einde die voortgesette opleiding van sportafrigters te verseker, moet nasionale afrigterssimposia gereeld aangebied word. Dit kan in uitgesoekte sportsoorte of sport in die algemeen aangebied word. Soveel moontlik afrigters moet hierdie simposia bywoon en die relatiewe inligting moet daarna beskikbaar gestel word.

Die besoeke van oorsese afrigters is 'n doeltreffende manier om afrigters en sportlui op hoogte van internasionale ontwikkeling te hou, terwyl Suid-Afrikaanse afrigters ook op 'n gereelde grondslag in staat gestel behoort te word om oorsese afrigtingspraktyke te ondersoek.

Die opleiding van sportafrigters deur middel van die televisie-medium moet ook sterk oorweeg word. Hierdie opleiding sal veral geld vir die basiese of algemene aspekte en sal, as dit aan die nodige vereistes voldoen, kan inskakel by die afdeling opleiding van die pasgestigte departement vir Afrikaanse en Engelse opvoedkundige programme by die SAUK*.

7.2.2.7 Verantwoording van die opleidingstelsel

Ten einde die voorgestelde sportopleidingstelsel te verantwoord, moet dit aan die beginsel en basiese vereistes vir 'n nasionale sportopleidingstelsel getoets word (p.452). In hierdie verband moet die volgende sake in aggeneem word:

- Die stelsel is *lewensbeskoulik verantwoordbaar* omdat in beide die formele en nie-formele opleidingsprogramme sportfilosofiese gesigspunte uitgelig word en deelname op algemene wedstrydsportvlak en op topprestasiesportvlak aangemoedig en beklemtoon word.
- Die stelsel is *demokraties* omdat verskeie instansies by die opleiding van sportafrigters betrokke is en by die inhoud van die opleidingsprogram inspraak het.
- Die opleidingstelsel *verseker gelykwaardigheid* omdat die standaard van verskillende sportopleidingsprogramme dieselfde sal wees en dit toeganklik sal wees vir alle bevolkings-groepe in die RSA.

* Tydens 'n onderhoud met dr. P.J. van Zyl, hoof van die afdeling Afrikaans en Engelse Opvoedkundige programme (5 Maart 1984) is vasgestel dat so 'n projek wel praktiese moontlikhede inhou.

- Die opleidingstelsel is *toepaslik* omdat dit voorsiening maak vir verskillende kategorieë afrigters wat op verskillende deelnamevlakke afrig.
- Dit maak dus ook voorsiening vir *differensiasie* aangesien afrigters kan afrig op die vlakke waarvoor hulle bekwaam is en waarvoor hulle 'n besondere belangstelling het. Dit lei daartoe dat *algemene deelname* en *deelname op topprestasievlak* bevorder word.
- Omdat opleiding een van die belangrikste vereistes vir professionalisering is, vorm die *sportopleidingstelsel* die kern van die *sportstrategie*. Die ander terreine waarop professionalisering moet plaasvind (p. 12) word aanvullend tot opleiding gesien.
- Die sportopleidingstelsel is *behoeftegerig* omdat dit voorsiening maak vir die opleiding van afrigters en daar 'n groot behoefte aan opgeleide afrigters bestaan.
- Die sportopleidingstelsel *hou verband* met 'n *wisselwerking* tussen *binneskoolse* en *naskoolse* sportonderrig omdat daar deur middel van die formele en nie-formele opleiding voorsiening gemaak word vir die behoeftes van sportlui in hierdie gevalle.
- Omdat die opleidingskomitee van die Suid-Afrikaanse Sportafrigtingsvereniging die opleidingstelsel in samewerking met die sportbeheerliggame en SAVSLOR sal behartig, sal dit *funksioneel, werkbaar, koördineerbaar* en *kontroleerbaar* wees.
- Die opleidingstelsel maak 'n *wisselwerking* tussen *sentralisasie* en *desentralisasie* moontlik aangesien opleiding tot op bepaalde vlakke deur sportinstitute en provinsiale sportbeheerliggame waargeneem kan word, maar vir opleiding op die

hoogste vlakke word die opleiding gesentraliseer. Dit lei daartoe dat *opleidingskragte* op die hoogste vlakke *geïntegreer* kan word, terwyl dit op die terrein van die horisontale opleiding by die sportinstitute ook moontlik is (p.464)

- Die sportopleidingstelsel is *wetenskaplik* gefundeer, omdat van wetenskaplike riglyne gebruik gemaak word, dit deur *navorsing gerugsteun* word en so saamgestel is dat dit *kontemporêr* sal bly aangesien die opleidingsinhoud voortdurend aangepas kan word om by veranderde behoeftes en vereistes aan te pas.
- Die sportopleidingstelsel is *deurlopend* omdat die verskillende aspekte wat vir die opleiding van sportafrigters nodig is vanaf die voorbereidende- tot die professionele vlak ter sprake kom en *progressief verswaar*.
- Die sportopleidingstelsel is *professioneel* omdat dit sowel deur die sistematiese aanbieding daarvan as die wetenskaplike gefundeerdheid daarvan 'n professionele beeld vertoon en bowendien ook vir die opleiding van professionele sportafrigters voorsiening maak.
- Die sportopleidingstelsel is *finansierbaar* aangesien 'n stelsel wat op hierdie wyse onderneem word en in die besondere behoeftes van die sportgemeenskap voorsien, finansiële toekennings vanaf die staat regverdig. Finansies kan verder ook deur kursusgeld, eksamengeld en registrasiegeld verkry word.

7.2.3 Die status van die sportafrigter

7.2.3.1 Inleiding

Bepaalde sake wat handel oor die status van sportafrigters in 'n gemeenskap, verdien aandag. Hierdie sake kan ook as behoeftes van sportafrigters, waarvoor in 'n geprofessionaliseerde sportafrigtingspraktyk voorsiening gemaak sal moet word, geïdentifiseer word. Vereistes waarvolgens riglyne opgestel kan word om die behoeftes te bevredig, moet neergelê word.

Die volgende vereistes is hier van belang:

- 'n doeltreffende opleidingstrategie vir sportafrigters moet in werking gestel word;
- beroepsmoontlikhede vir sportafrigters moet geïdentifiseer en ontgin word;
- beroepsbeperinge vir sportafrigters moet in die regte perspektief gestel word;
- beroepsekuriteit vir sportafrigters moet daargestel word;
- sportafrigter se aansien in die samelewing en sy aanvaarbaarheid vir die sportgemeenskap moet verseker word;
- verrykende samewerking tussen die sportafrigter en sowel oorkoepelende- as amateur- en professionele sportliggame moet verwesenlik word;
- sportafrigters moet op hoogte gehou word van internasionale tendense en kompetisies.

Na aanleiding van die voorgenoemde vereistes word die volgende riglyne voorgestel:

7.2.3.2 Doeltreffende opleidingstrategie

Aangesien opvoeding en onderwys in die moderne gemeenskap prestige= waarde gekry het en aan diegene wat onderrig is, prestige laat toekom (p.57), is die opleiding van sportafrigters 'n belangrike faktor om hulle status in die gemeenskap te bevorder. Die toenemende mate waarin wetenskaplike kennis en tegniese vaardighede op sportgebied vermeerder en ingewikkelder word, noodsaak doeltreffende opleiding vir sportafrigters indien hulle hulle in 'n gemeenskap en veral in die sportgemeenskap moet handhaaf. Gemeenskappe gee erkenning aan diegene wat oor besondere kennis van bepaalde sake, wat verband hou met die behoeftes en waardes van die sosiale sisteem, beskik (p.56).

In die lig van voorgenoemde bespreking is dit noodsaaklik dat die opleiding van sportafrigters op formele of nie-formele wyse vereis word alvorens 'n afrigter in 'n bepaalde sportsoort mag afrig. Indien onopgeleide persone by die sportafrigtingspraktiek betrek word kan dit gebeur dat as hy onverantwoordbaar optree, die beeld van die sportafrigter geskaad word. Dit sal beteken dat die erkenning wat die gemeenskap as gevolg van besondere kennis en bekwaamhede aan die afrigter toeken ontbeer sal moet word.

Genoegsame geleenthede vir opleiding moet geskep word. Om dit te kan verwesentlik moet aandag aan onder andere die volgende sake gegee word:

- As gevolg van die geografiese uitgestrektheid van die land moet die opleiding gedentraliseer word. Die aanbieding van sportopleiding aan universiteite en aan institute by universiteite kan hiervoor voorsiening maak aangesien Suid-

Afrikaanse universiteite oor die land versprei is.

Gesentraliseerde sportopleiding by 'n nasionale sportskool, soos wat in Frankryk (p.243), Switserland (p.260) en Israel (p. 118) die geval is, hou wel bepaalde voordele in, maar as gevolg van hoër reisonkoste, verblyfkoste en tyd wat met reise verlore raak, is dit nie prakties uitvoerbaar nie.

Sportbeheerliggame kan met die hulp van hulle provinsiale sportverenigings die voorbereidende kursus en die eerste twee vlakke van afrigtersopleiding in 'n bepaalde sportsoort in die onderskeie provinsies aanbied.

Die verdere opleiding in 'n bepaalde sportsoort, naamlik as vlak III-afrigter en professionele afrigter moet egter gesentraliseer aangebied word, ten einde opleidingskragte te koördineer en die topafrigters in die sportsoort geleentheid te gee om bevrugting op mekaar in te werk.

- Ten einde dit vir soveel moontlik belangstellendes moontlik te maak om opleiding te ontvang, terwyl hulle 'n normale beroep beoefen, moet kursusse gedurende naweke, vakansies en saans na werk aangebied word. Hierdie stelsel slaag goed in Israel (p.126).

- Amptelike erkenning vir kwalifikasies kan ook daartoe bydra dat die status van die sportafrigter verhoog word. Die opleidingskomitee wat alle opleidingsaangeleenthede beheer, koördineer en evalueer (p.537) moet amptelike erkenning vir die verskillende afrigterskwalifikasies van owerheidsweë, byvoorbeeld die Departement Nasionale Opvoeding (Direktoraat Sportbevordering) verkry.

7.2.3.3 Beroepsmoontlikhede

Wanneer sportafrigting op geordende en sistematiese wyse in die maatskappy sy beslag vind sal doeltreffende dienste gelewer kan word, wat as onontbeerlik vir die samelewing beskou word. Dit behoort die weg te baan dat die breë bevolking sal beseft dat sinvolle sportdeelname wat voortspruit uit sinvolle afrigting, vormend op die mens kan inwerk.

Wanneer sportafrigting op hierdie wyse benader word, sal die maatskaplike beeld van die sportafrigter verbeter. Dit sal ook daartoe lei dat beroepsmoontlikhede verbeter omdat die waarde van hierdie dienste ingesien word.

Vasgestelde riglyne waarvolgens die beroeps- en bevorderingsmoontlikhede van sportafrigters bepaal word, moet opgestel word en amptelike erkenning geniet. Beroepsmoontlikhede en geleenthede om in 'n beroep te vorder moet vir individue wat op formele en nie-formele wyse opgelei is, geskep word.

Diegene wat op formele wyse opgelei is, kan byvoorbeeld aan primêre-, sekondêre-, of tersiêre onderwysinrigtings werksaam wees. Hulle kan verder deur instansies of sportbeheerliggame in diens geneem word of as voltydse professionele afrigters

selfstandig afrigtingsdienste lewer, in sportsoorte soos swem, tennis, krieket, gholf en karate.


Die afrigters wat nie-formeel opgelei is, kan ook as voltydse professionele afrigters optree*. Wanneer iemand die hoogste kwalifikasievlak behaal het, kan hy byvoorbeeld as nasionale afrigter deur 'n sportbeheerliggaam aangestel word of deur privaat instansies of ander instellings in diens geneem word. So 'n afrigter kan ook selfstandig professioneel afrigter in bepaalde sportsoorte waar die nodige behoeftes bestaan afrigtingswerk doen.

In figuur 22 word die beroeps- en bevorderingsmoontlikhede van die formeelopgeleide sportafrigters weergegee. Hierdie afrigter kan aan onderwysinstellings (primêr, sekondêr en tersiêr), by instellings en instansies (die staat, weermag, myne, nywerhede en die Sportstigting van Suider-Afrika) en as professionele sportafrigter (by sportbeheerliggame of selfstandig) werksaam wees.

Tersiêre onderwysinstellings bied verskeie spesialiseringstings, naamlik in die geval van universiteite in opleiding (formeel- of nie-formeel), navorsing, afrigting en organisasie en in die geval van onderwyserskolleges en teknikons in afrigting en organisasie.

Moontlikhede vir beroepsbevordering is afhanklik van bepaalde kwalifikasievereistes. Om aan 'n tersiêre inrigting byvoorbeeld

* Hier moet op gewys word dat die verskillende opleidingsvlakke deur middel van nie-formele opleiding voltooi word. Die hoogste opleidingsvlak kan per korrespondensie by 'n sportinstituut behaal word.



- ++ Deeltyds
- Enigste moontlikhede by onderwyserskolleges en technikon
- ***** Hoogste bevorderingsmoontlikhede met tweede akademiese graad (bv. BA-Honns.)
- *** Hoogste bevorderingsmoontlikhede met derde akademiese graad (bv. MA)

184 FIGUUR 22 BEROEPS- EN BEVORDERINGSMOONTLIKHEDE VIR 'n SPORAFRIGTER WAT FORMEEL OPGELEI IS

h pos as senior lektor, -navorsers, -afrigters, of -organiseerder te beklee, of die pos as departementshoof aan 'n sekondêre of primêre onderwysinstelling, word h tweede of derde akademiese graad vereis. Vir verdere bevorderingsmoontlikhede is gevorderde akademiese opleiding op die besondere terrein van die beoogde dienslewering nodig*.

In figuur 23 word die beroeps- en bevorderingsmoontlikhede van sportafrigters wat op nie-formele wyse opgelei is, weergegee. In hierdie verband kan sportafrigters as oefenleiers, juniorafrigters, afrigters, seniorafrigters en professionele afrigters optree. Hulle lewer diens op die onderskeie vlakke van deelname waarvoor hulle opgelei is, byvoorbeeld as assistente by die aanleer van vaardighede, vir massadeelname van laerskoolkinders, op sekondêre skoolvlak, klub-, provinsiale en nasionale vlak.

7.2.3.4 Beroepsbeperkings

Sportlui wat hulle as afrigters wil bekwaam, moet hulle vergewis van bepaalde beroepsbeperkings vir die voltydse sportafrigter.

In Suid-Afrika bestaan tans in slegs enkele sportsoorte beroepsmoontlikhede vir voltydse afrigters. Onder hierdie sportsoorte is krieket, tennis, swem, gholf en karate. Verder maak sommige nasionale sportbeheerliggame van afrigters vir afrigting en die koördinerings van afrigting gebruik. Die beroepsmoontlikhede in hierdie sportsoorte en aan onderwysinstellings en ander instansies is egter nie onbeperk nie.

* Sport as basiese vak mag aanvanklik binne die tradisionele opset en die opvatting van die gemeenskap skepties bejeen word.

<u>OPLEIDING</u>	<u>KWALIFIKASIE</u>	<u>DIENSLEWERING</u>
<u>PROFESIONELE AFRIGTER*</u>	<u>PROFESIONELE AFRIGTER</u>	<ul style="list-style-type: none"> - Voltyds-/ Deeltyds professioneel - Nasionaal (Sportbeheerliggame) - Nasionale koördineerders - Selfstandige afrigter (Alle deelname vlakke)
<u>VLAK III</u>	<u>SENIOR AFRIGTER</u>	<ul style="list-style-type: none"> - Semi-professioneel/deeltyds - Provinsiale afrigter (Kompetisievlak)
<u>VLAK II</u>	<u>AFRIGTER</u>	<ul style="list-style-type: none"> - Vrywillig/deeltyds Klub- en hoërskool deelname
<u>VLAK I</u>	<u>JUNIOR AFRIGTER</u>	<ul style="list-style-type: none"> - Vrywillige afrigter - Massadeelname van laerskoolkinders
<u>VOORBEREIDENDE OPLEIDING</u>	<u>OEFENLEIER</u>	<ul style="list-style-type: none"> - Assistent, aanleer van basiese vaardighede - Vrywillige afrigter

* Opleiding as professionele afrigter volg op VLAK III van die nie-formele opleiding en kan deur middel van agtien maande per korrespondensie, gekombineer met verpligte bywoning by 'n sportinstituut (p. 462) verwerf word.

FIGUUR 23 BEROEPS- EN BEVORDERINGSMOONTLIKHEDE VIR SPORTAFRIGTERS WAT OP NIE-FORMELE WYSE OPGELEI IS

Die beroepsbeperkinge vir die sportafrigter val ook saam met sy dienstaat. Omdat sportlui dikwels vir groot gedeeltes van normale werksdae nie vir afrigting en sportdeelname beskikbaar is nie, raak die sportafrigter gefrustreerd. Hy kan nie dit doen waarvoor hy opgelei is en waarvoor hy belangstelling het nie. Dit bring mee dat onder andere organisatoriese pligte en pligte van tegniese aard, ook deel van sy dagtaak uitmaak.

Afrigters raak ook gefrustreerd as gevolg van die wisselvalligheid van diegene wat hulle vir afrigting aanmeld. Hierdie sportlui is soms nie gemotiveerd genoeg om hard te werk en te presteer nie. Dit lei tot frustrasie vir die sportafrigter.

Sportafrigters moet verder dikwels gedurende ongereelde ure en oor naweke werk. Die werksure moet egter by hierdie omstandighede aangepas word. Namate die beoefening van bepaalde sportsoorte as gevolg van die groter eise wat aan die deelnemers gestel word, deur die jaar beoefen word en nie slegs tydens 'n bepaalde seisoen nie, sal die bepaalde beperkinge wat tans nog op hierdie gebied bestaan verminder.

Die genoemde beroepsbeperkinge sal in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing in 'n mindere of meerdere mate altyd teenwoordig wees. Die afrigter kan egter in 'n mate daarvoor kompenseer deur in die beskikbare tyd en op sy besondere terrein met studie en navorsing voort te gaan.

Beroepsmoontlikhede vir sportafrigters kan verbeter indien die prioriteitstand van sport in die gemeenskap verbeter. Dit sal tot groter deelname en gevolglik 'n groter behoefte aan afrigting lei. Aangesien sake soos landsverdediging, onder-

wys en opvoeding en volksgesondheid tans van meer belang as sportbevordering geag word (p. 8), sal die beroepsbeperkinge van sportafrigters seker nie in die afsienbare toekoms drasties verander nie. Dit bring mee dat sportafrigters eerder op 'n semi-professionele grondslag sport moet afrig. Tendense in die buiteland dui ook daarop dat deelydse sportafrigting toeneem, terwyl voltydse sportafrigting afneem (p238). Hierdie toedrag van sake beklemtoon die belangrikheid daarvan dat diegene wat in die sportafrigtingsberoep staan, op voltydse- of deelydse vlak, werk van topgehalte sal moet lewer, teneinde te kompenseer vir die beperkte aantal beskikbare afrigters en die beperkinge van die beroep.

7.2.3.5 Beroepsekuriteit

Omdat sportafrigting as voltydse beroep bykans geen sekuriteit bied nie (p. 9) is dit 'n saak waaraan in 'n geprofessionaliseerde afrigtingspraktyk aandag gegee sal moet word.

Gebrekkige sekuriteit kan aan verskeie faktore toegeskryf word, soos onder andere aan:

- die norme waarvolgens die maatskappy doeltreffende afrigting beoordeel, aangesien welslae dikwels volgens wen-verloor-statistiek bepaal word;
- 'n ongesistematiseerde afrigtingspraktyk, wat geen doelgerigte beplanning, werksafbakening of kontrole het nie, terwyl die voorregte en verantwoordelikhede en die sportafrigter nie aangedui word nie;
- die onvoldoende besoldiging van sportafrigters.

Ten einde beroepsekuriteit vir die sportafrigter te verseker sal aandag aan bepaalde sake gegee moet word. Die volgende verdien aandag:

- Wanneer 'n regte perspektief op die waarde van sportdeelname daargestel kan word, sal die beroepsekuriteit vir die sportafrigter verbeter, aangesien wen-of-verloor statistiek nie meer die enigste norm vir doeltreffende afrigting sal wees nie. Die sportafrigter sal egter moet besef dat prestasie deel van sport self is en dat die bereiking van prestasies nagestreef moet word. Ewigtigheid in die daarstelling van prestasievlakke is egter noodsaaklik. Die sportafrigter sal moet besef dat prestasie wel behaal word wanneer 'n individu of individue as kampioene uit die stryd tree, maar moet dit ook in gedagte hou dat maksimale individuele prestasie (p. 86) ook op sukses dui, al is die persoon nie die winner nie.
- In die afrigtingsberoep is die verhouding tussen aanbod en aanvraag van kardinale belang. Wanneer die aanbod die aanvraag oorskrei kan dit lei tot werkloosheid onder sportafrigters, terwyl as die omgekeerde weer die geval is, kan die besoldiging wat vereis word, te hoog wees en sport benadeel.

Die afrigterskomitee (p 537) sal voortdurend in samewerking met die nasionale sportbeheerliggame en opleidingsinstansies 'n behoeftebepaling moet maak om die afrigtingsmoontlikhede en -vereistes te bepaal.

Die aantal voornemende afrigters moet in gevalle waar voldoende afrigters beskikbaar is, deur keuring beperk word. Die aantal opleidingskursusse kan ook verminder word. In geval van tekort aan afrigters kan die kursusse weer vermeerder word.

- Afrigters wat in bepaalde poste aangestel word moet oor die nodige kwalifikasies beskik.
- Ongekwalfiseerde afrigters mag nie afrig nie. Kontrole oor die afrigters moet deur die nasionale sportbeheerliggame uitgeoefen word.

Aangesien die opleiding van afrigters vir alle sportsoorte lank mag duur, moet 'n keurdatum van byvoorbeeld twee of drie jaar daargestel word, waarvandaan net gekwalifiseerdes mag afrig.

- Omdat finansiële sekuriteit in die hedendaagse samelewing noodsaaklik is, hou beroepsekuriteit ook met die besoldiging van sportafrigters verband. Bepaalde riglyne vir die besoldiging van sportafrigters sal neergelê moet word.

'n Afrigterkwalifikasieskema kan leiding gee in dié verband, aangesien vasgestelde bedrae vir besondere kwalifikasies betaalbaar behoort te wees.

Besoldiging van sportafrigters sal deur besondere omstandighede van die aanstelling bepaal word. Afrigters wat formeel opgelei is en op grond van kwalifikasie in diens geneem word, moet volgens algemene norme van die instelling of inrigting wat die aanstelling

gemaak het, vergoed word. In ander gevalle moet die Suid-Afrikaanse Afrigtingsvereniging (afrigterskomitee) riglyne neerlê vir die besoldiging van afrigters wat op die verskillende opleidingsvlakke afrig. Dit moet vergelykbaar met vergelykbare beroepe wees.

- Wanneer 'n sportafrigter 'n bepaalde afrigtingsopdrag onderneem moet die aanstelling vir die besondere taak deur 'n kontrak tussen die instansie vir wie afgerig word en die afrigter opgestel word. Kontrakte sal wissel volgens die aard van die aanstelling, byvoorbeeld vir deelydse of voltydse afrigting*.

7.2.3.6 Aansien in die gemeenskap en aanvaarbaarheid vir die sportgemeenskap

Verskillende faktore kan daartoe bydra dat die aansien van die sportafrigter in die gemeenskap verhoog word en dat hy aanvaarbaar vir die sportgemeenskap is.

In hierdie verband kan die volgende genoem word:

- deeglike opleiding en gevolglik voldoende kennis;
- doeltreffende dienslewering;
- die handhawing van etiese kodes;
- georganiseerde, gesistematiseerde en verantwoordelike werkswyse waartydens noukeurige beplanning en verslag gehou word;
- professionele afrigters moet op grond van hulle kennis

* 'n Voorbeeld van 'n ooreenkoms met 'n deelydse afrigter verskyn in bylae F, terwyl dié aspekte wat by die aanstelling van 'n voltydse afrigter in gedagte gehou moet word, in bylae G opgeneem is (p.538 en 541).

ook deur amateursportlui en amateurliggame by afrigting betrek word;

- in die geval van veral professionele afrigting moet besondere klem op 'n gebalanseerde wen-filosofie geplaas word;
- omdat die sportafrigter as gevolg van 'n speelse milieu dikwels noue kontak met die sportdeelnemer het, het hy 'n besondere opvoedkundige verantwoordelikheid. Afrigting kan in 'n sportkundige perspektief gestel word as die afrigter hierdie verantwoordelikheid nakom en homself en sy beroep vir die gemeenskap aanvaarbaar en onontbeerlik maak.

Dit is egter ook waar dat 'n gemeenskap 'n sportafrigter wat nie die voorgenoemde faktore in ag neem of nakom nie, nie sal aanvaar nie, terwyl die afrigtingsberoep ook benadeel sal word.

- Die sportafrigter moet volgens die behoefte aan navorsing wat in 'n bepaalde sportsoort bestaan by navorsing betrek word en dit ook self onderneem.
- 'n Sportafrigter moet 'n redelike kans gebied word om sukses te behaal en dus op 'n langtermyngrondslag by 'n afrigtingsopdrag betrek word.

7.2.3.7 Samewerking tussen die afrigter en oorkoepelende-, amateur- en professionele liggame

Dit is belangrik dat afrigters met oorkoepelende amateur- en professionele liggame saamwerk. Hierdie samewerking kan verweselik word wanneer afrigters by hulle nasionale sportbeheerliggame as afrigters geregistreer is en daar dus 'n liggaam is waardeur amptelik met die afrigter en die oorkoepelende liggame geskakel kan word.

7.2.3.8 Internasionale kontak

Ten einde tred te hou met internasionale tendense moet sport=afriegers op gereelde grondslag op internasionale vlak met ander sportafriegers skakel. Dit kan gebeur wanneer 'n afrieger die buiteland besoek of wanneer buitelandse sportafrieger Suid-Afrika besoek. 'n Jaarlikse simposium is byvoorbeeld 'n geleentheid waartydens internasionale kontak bewerkstellig kan word.

7.2.4 Die finansiering van sportafrigting

Finansiering van sportafrigting behoort op gesistematiseerde en georganiseerde wyse plaas te vind.

Fondse vir sportafrigting kan deur middel van die volgende kanale verkry word: registrasiegeld, affiliasiegeld, kursus=geld en eksamengeld, donasies, borge en 'n jaarlikse toekenning deur die staat*. Uit hierdie fondse moet afrigtingsake gefi=

* Geld wat uit hierdie bronne vir afrigting beskikbaar kom, kan aansienlike bedrae beloop, byvoorbeeld bereken op 5 000 afriegers:

i)	registrasiegeld: R20,00 per afrieger x 5 000 afriegers	=	R100 000
ii)	affiliasiegeld: vlak 1 afrieger: R5,00 per afrieger x 2 500 afriegers	=	R 12 500
	affiliasiegeld: vlak 2 afrieger R10,00 per afrieger x 1 750 afriegers	=	R 17 500
	Affiliasiegeld: vlak 3 afrieger R15,00 per afrieger x 500 afriegers	=	R 7 500
	affiliasiegeld: vlak 4 afrieger R20,00 per afrieger x 250 afriegers	=	R 5 000
iii)	kursusgeld: gemiddeld R40,00 per afrieger x 5 000 afriegers	=	R200 000
iv)	eksamengelde: gemiddeld R20,00 per afrieger x 5 000 afriegers	=	R100 000
v)	staatstoëkenning, borge en donasies	=	R442 500
	Subtotaal		R 57 500
	TOTAAL		500 000

nansier word. Die samelewing sal verder bereid moet wees om op 'n vasgestelde skaal vir afrigtingsdienste te betaal.

Die instelling van sportinstitute vir navorsing en opleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite sal aansienlik finansiële implikasies meebring (Botha, 1981:107).

Botha (1981:107) beweer egter verder dat hierdie institute onontbeerlik vir die sportopleidingspraktyk is en dat die instelling van hierdie institute die aangewese wyse is om sportopleiding in Suid-Afrika te vestig. Die finansiële uitgawes daaraan is dus geregverdig. Aangesien sportinstitute, wanneer gemeenskapsdiens gelewer word, finansieel selfversorgend sal moet wees (p.465) sal so 'n instituut afhanklik wees van fondse wat deur die staat daarvoor toegesê word en wat byvoorbeeld uit kursusgeld en eksamengeld verkry kan word.

7.2.5 Afrigtingsgeleenthede

Doeltreffende afrigtingsgeleenthede sal geksepe moet word indien geprofessionaliseerde sportafrigting aan die hoogste verwagting moet voldoen.

Die heterogene aard van die Suid-Afrikaanse bevolking en verskeie demografiese veranderlikes bied besondere uitdagings aan sportvoorsiening en veral aan die voorsiening van afrigtingsgeleenthede. In die beplanning van afrigtingsvoorsiening moet sportvoorkeure byvoorbeeld in gedagte gehou word. Afrigtersopleiding moet ook rekening hou met die behoeftes aan afrigters in bepaalde sportsoorte en beskikbare sportgeriewe. Sportafrigting kan lei tot die doelmatige gebruik van sportgeriewe. Omdat afrigting egter nie doeltreffend aangebied kan word sonder die nodige geriewe nie moet aandag ook aan die beskikbaarstelling van sportgeriewe

we gegee word.

7.2.5.1 Sportafrigtingsgeleenthede in skole

Geleenthede om sportafrigting te ontvang, moet in alle skole geskep word.

Gedurende die primêre skoolfase moet die klem van sportdeelname op genot, sosiale ontwikkeling, persoonlike prestasie deur deelname, die aanleer van basiese vaardighede, aangepaste spele en lae intensiteitkompetisie val. Elke leerling behoort geleenthede te kry om gedurende byvoorbeeld 'n sportperiode met 'n groot verskeidenheid sportsoorte kennis te maak (Oschman, 1982:8).

Gedurende die sekondêre skoolfase moet 'n groot verskeidenheid aktiwiteite op rekreatiewe- en kompetisievlak aangebied word, sodat vir verskille met betrekking tot belangstellings en talente voorsiening gemaak kan word.

Geleenthede om te kan spesialiseer moet vir die gemotiveerde en talentvolle leerlinge geskep word. Begaafde leerlinge moet dieselfde geleenthede gegun word om hulle sportpotensiaal ten volle te ontwikkel as diegene wat in enige ander afdeling van die opvoedkundige program uitblink.

Sportonderrig (tesame met liggaamlike opvoeding) waarin teoretiese en praktiese aspekte vervat word, behoort 'n gelykwaardige plek met ander vakke in die opvoedingsituasie in te neem. Die moontlikhede om in een of ander vorm, sport as loopbaan te volg, vermeerder algaande. Die sosiale en rekreatiewe waardes van sport is verder vir die hele samelewing van belang. Hieruit kan afgelei word dat sport en liggaamlike opvoeding

aanvaarde vakke in die akademiese stelsel behoort te wees. Dit het tyd geword dat die negatiewe beeld wat sportprestasies teenoor akademiese prestasies handhaaf, moet verander. Sportkundiges om sportonderrig waar te neem moet by skole aangestel word. Indien geskikte personeellede nie beskikbaar is nie, moet van afrigters uit die privaatsektor gebruik gemaak word indien die persone opvoedkundig aanvaarbaar is. Geleenthede moet vir personeellede wat algemene akademiese en ander vakke aanbied, geskep word om nie-formele sportafrigtingsopleiding te ontvang. Op hierdie wyse kan persone wat oor die nodige opvoedkundige kwalifikasies beskik baie nuttig by die sportafrigtingspraktyk op skool betrokke raak. Merietetoekennings behoort vir onderwyspersoneel met afrigtingskwalifikasies ingestel te word. Aangesien onderwysaangeleenthede in die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika 'n eie saak is wat deur die verskillende bevolkingsgroepe afsonderlik hanteer sal word*, sal sportskole op 'n veelvuldige grondslag nie moontlik wees nie. Om sportskole vir afsonderlike bevolkingsgroepe daar te stel, sal verskeie praktiese probleme tot gevolg hê, waaronder die belangrikste heel moontlik van politieke aard sal wees, aangesien die normalisering van sport daardeur in die weg gestaan sal word. Indien spesiale afrigting dus nie in normale skoolverband beskikbaar is nie, moet geleentheid onder andere by sportinstitute geskep word waar talentvolle sportlui professionele afrigting kan ontvang.

7.2.5.2 Sportafrigtingsgeleenthede buite skoolverband

Geleenthede om sportafrigting te ontvang kan ook op ander terreine as die skool aangetref word. Dit is nodig dat vol-

* Staatskoerant, 28 September 1983, p.71.

doende afrigtingsgeleenthede vir alle sportlui en veral vir die toppresteerders daargestel word, terwyl dit ook noodsaaklik is dat goedopgeleide afrigters die afrigting moet waarneem.

Afrigtingsbehoefte bestaan byvoorbeeld by (p.369):

- universiteite;
- myne en nywerhede;
- die weermag;
- besighede;
- klubs en
- buiteklubs

7.2.6 Die identifisering van sporttalent en die toppresteerder

Die toppresteerder is baie belangrik vir enige sportprogram. Alhoewel massadeelname belangrik is vir die welsyn van die gemeenskap, lewer die toppresteerders besondere bydraes vir die gemeenskap waarin hulle presteer omdat dit entoesiasme en 'n stimulus vir 'n sportsoort opwek en omdat dit ook nuwe standaarde daarstel en nuwe tegnieke en inoefeningsmetodes bekendstel. Die toppresteerder dra ook daartoe by dat 'n land op sportgebied internasionale erkenning kry.

Dit is dus belangrik dat individue met sportmoontlikhede deur kundiges geïdentifiseer moet word en dat daar vir hulle spesifieke deelname en afrigtingsgeleenthede geskep moet word. Dit behoort 'n strategie van sportafrigters te wees om talentvolle sportlui te identifiseer.

'n Skema om talentvolle sportlui te identifiseer, moet ingestel word. Dit is noodsaaklik dat 'n nasionale liggaam van kundiges saamgestel word met die opdrag om riglyne daar te stel waarvolgens sporttalent geïdentifiseer en ontwikkel kan word. Aspekte wat in hierdie verband in berekening gebring kan en moet word, kom uit die fisiologie, sosiologie, antropometrie en psigologie.

Wanneer so 'n identifiseringskema ingestel word, moet egter deeglik op die volgende gelet word:

- die ouderdomme waarop individue se moontlikhede bepaal kan word, wissel van sport tot sport.
- die ouderdomme waarop met gespesialiseerde afrigting begin behoort te word, wissel van sportsoort tot sportsoort.
- talentidentifikasieskemas moet kinders nie verbind tot inoefeningsprogramme wat op die keuses, waardes en veronderstellings van volwassenes gegrond is nie.
- diegene wie se sportmoontlikhede eers op 'n later leeftyd as by ander duidelik word, moet ook na vore gebring word.
- aandag moet daaraan gegee word dat diegene wat getoets is en nie as talentvol geklassifiseer is nie, nie vir algemene sportdeelname verlore gaan omdat hulle besef dat hulle nie besonder talentvol is nie.

Ten einde toppresteerders in staat te stel om internasionale standaarde te bereik en te handhaaf, sal geleenthede geskep moet word sodat hulle die beste afrigting kan geniet. Om dit te verwerklik moet hierdie sportlui dikwels groot finansieële onkoste aangaan, soms hulle loopbane benadeel en selfs na die buiteland gaan ten einde die nodige afrigting te bekom.

Afrigters met die nodige kwalifikasies moet dus beskikbaar gestel word, terwyl voorsiening gemaak sal moet word om finansiële hulp in die vorm van byvoorbeeld sportbeurse aan sportlui te verleen. Met betrekking tot laasgenoemde moet sportbeurse, vir dekking van reis- en verblyfkoste en die beskikbaarstel van spesiale toerusting aangebied word. Dit mag ook nodig wees dat sportpresteerders spesiale verlof vir oefen- of deelnamegeleenthede nodig het en dit behoort in verdienstelike gevalle toegestaan te word.

Instellings en instansies moet aangemoedig word om hulprogramme daar te stel, terwyl nasionale sportbeheerliggame ook vir hulle topsportlui hulprogramme moet instel, asook besondere afrigting- en deelnamegeleenthede moet skep.

7.2.6 Sportwetenskaplike navorsing

Sportwetenskaplike navorsing is vir die afrigtingspraktyk van fundamentele belang. 'n Sportafrigtingspraktyk wat nie wetenskaplik gefundeer is nie, kan nouliks op geprofessionaliseerdheid aanspraak maak. Veral die opleidingsprogram steun sterk op navorsingsinligting. Hierdie inligting kan daartoe bydra dat die afrigtingspraktyk sinvoller kan verloop, met die gevolg dat sowel algemene sportdeelname as deelname op topprestasievlak daardeur bevoordeel word.

Elke afrigter behoort opgelei te wees om navorsings- en laboratoriumtegnieke te implimenter*. Sportlui moet voortdurend deur middel van toetsing en meting geëvalueer word, sodat die inoefeningsprogramme volgens die resultate aangepas kan word.

Sportwetenskaplike navorsing moet egter ook op algemene navorsing steun en sistematies georden word. Dit moet volgens bepaalde behoeftes van die afrigtingspraktyk onderneem word.

Ten einde sportnavorsing sinvol te laat verloop moet dit deur een liggaam gekoördineer en beheer word. Aangesien verslae gereeld gelewer sal moet word, sal die funksies van kontrole en evaluering ook by hierdie liggaam berus.

Aangesien die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVSLOR) onder andere 'n navorsingsliggaam is waarin die struktuur, in die afdeling vir sportwetenskap, voorsiening gemaak word vir navorsing, blyk dit teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse situasie 'n logiese gevolgtrekking te wees dat hierdie liggaam voorgenoemde funksies sal kan uitvoer. Hierdie vereniging administreer tans die navorsingskema van die Departement Nasionale Opvoeding, Direktoraat Sportbevoordring, en handhaaf noue kontak met universiteite en ander eenhede wat sportnavorsing onderneem.

Om te verseker dat die navorsingstemas korreleer met die behoeftes in die sportpraktyk moet hierdie behoeftes noukeurig geïdentifiseer word. Die navorsers moet in samewerking met sportlui,

* Afrigtersopleiding p. 460 en 546.

veral sportafrigters, periodieke samesprekings voer ten einde by realistiese temas uit te kom. Hierdie kontak kan in die praktyk deur middel van die navorsingskomitee van die Suid-Afrikaanse Sportafrigtingsvereniging bewerkstellig word.

Sportwetenskaplike navorsing is tans gebaseer op 'n multidissiplinêre basis. Dit is 'n logiese verloop van sake as die verskillende afdelings waaruit die sportteorie bestaan in ag geneem word. Hierdie hulpwetenskappe bied waardevolle basiese kennis waarsonder die sportwetenskaplike nie kan klaarkom nie. Dit sal egter altyd nodig wees dat die sportkundige al die relevante inligting sportkundig moet interpreteer en in 'n sportkundige perspektief moet plaas, sodat dit ten volle in die sportafrigtingspraktyk bruikbaar sal wees.

Die navorsingskema van die Departement Nasionale Opvoeding getuig van geordende sistematiese benadering met betrekking tot beplanning en behoort as sodanig gehandhaaf te word.

Die stelsel om projekleiers vir sekere projekte aan te stel dui op 'n funksionele en praktiese benadering en behoort gehandhaaf te word.

Aangesien die afdeling vir sportwetenskap die struktuur van SAVSLOR voorsiening maak vir navorsing, opleiding en professionele lede, impliseer dit dat hierdie drie aspekte in een afdeling saamgevat kan word en voortdurend met mekaar gekorreleer kan word. Dit impliseer dat die professionele lede (naamlik die afrigters, administrateurs, sportgeneeskundiges en die groeplede), benewens die navorsingskomitee soos bo genoem, ook voortdurend inspraak het in die navorsingsake waarby hulle belang het. Op hierdie wyse

kan verseker word dat die aspekte rakende sportwetenskaplike navorsing tred hou met die praktyk.

Volgens Pelser (1981:258) is dit noodsaaklik dat die teorie en praktyk mekaar wedersyds beïnvloed, aangesien die motoriese onderriggebeure slegs dan ten beste verwesenlik kan word. Ten einde dit te bewerkstellig moet die volgende sake aandag kry:

Ten einde universiteite in staat te stel om hul sportnavorsingsverpligtinge na te kom, behoort institute vir sportnavorsing by alle Suid-Afrikaanse universiteite tot stand te kom. Hierdie institute word met dié vir opleiding verbind. Die noodsaaklikheid hiervan is ook deur Botha (1981:94) beklemtoon.

Tot dusver het finansiële steun vanaf regeringskant 'n groot aandeel gehad in die vestiging van sportnavorsing in Suid-Afrika. Hierdie finansiële steun is onontbeerlik vir alle sportnavorsing, maar veral dié wat op 'n geprofessionaliseerde basis afgehandel moet word.

Sportgeneeskundige navorsing behoort by elke opleidingshospitaal gevestig te word en sportgeneeskunde behoort as 'n studierigting vir voornemende medici ingestel te word. Die waarde hiervan sal terdeë beseft word as gelet word op die noue verwantskap tussen die sportafrigtingspraktyk, en die sportgeneeskunde in die Oosbloklande (p. 180 en 199)

In die lig van voorgenoemde stelling blyk dit dat tensy die Suid-Afrikaanse Sportgeneeskundige vereniging (p. 291) inskakel by die sportnavorsingskema van die Departement van Nasionale Op=

voeding wat deur SAVSLOR geadministreer word en tensy daar noue skakeling tussen medici en sportkundiges is, hierdie vereniging in die huidige Suid-Afrikaanse opset nie vir sportlui dieselfde voordele inhou as wat moontlik is nie.

7.2.7 Inligting rakende sportafrigting

Sportwetenskaplike publikasies bly die belangrikste bronne om relevante inligting na belanghebbendes deur te gee. 'n Besondere poging moet egter gemaak word om te verseker dat hierdie inligting in bruikbare vorm by die sportafrigter self uitkom. Om die volle waarde uit hierdie navorsing te put, sal die sportafrigter egter ook opgelei moet word om dit te kan gebruik.

Die navorsingskomitee van die Suid-Afrikaanse Sportafrigtingsverenigings moet verantwoordelikheid vir 'n afrigtingstydskrif aanvaar. Hierdie tydskrif moet maandeliks verskyn en in besonder gerig wees op die behoeftes van sportafrigters. Alhoewel dit wetenskaplik gefundeerde artikels moet bevat, moet dit vir gemiddelde sportafrigters bruikbaar en verstaanbaar wees.

Ander vaste komitees van die Afrigtingsvereniging moet ook op die redaksie van hierdie tydskrif verteenwoordig word, byvoorbeeld die opleidingskomitee, die afrigterskomitee en die finansieskomitee.

Teneinde te verseker dat die sportafrigters die tydskrif bekom, kan inskrywingsgeld daarvoor by die van affiliasiegeelde gevoeg word en dit dan na elke uitgawe aan geaffilieerde afrigters gestuur word. Verder kan dit ook in die handel beskikbaar gestel word.

7.3 SAMEVATTING

Tydens hierdie ondersoek is aangetoon dat 'n geprofessionaliseerde sportafrigtingspraktyk noodsaaklik is omdat dit tot beter sportprestasies en groter sportdeelname lei (p.175). Omdat die afrigtingspraktyk in Suid-Afrika egter bepaalde tekortkominge het, byvoorbeeld afrigters wat nie voldoende vir hulle afrigtingstaak opgelei is nie, 'n gebrek aan beheer en koördinering van sportafrigting en die probleme wat die sportafrichter ervaar, is bepaalde voorstelle waarvolgens geprofessionaliseerdheid in die Suid-Afrikaanse sportafrigtingspraktyk verwesenlik kan word, gemaak. Die voorstelle is gegrond op 'n lewensvatbare teoreties-wetenskaplike onderbou wat in die praktyk gestalte moet kry. Dit kan verantwoord word aan dit wat volgens Blumer (p. 61) met professionalisering beoog word.

Die Suid-Afrikaanse Sportafrigtingsvereniging sal 'n groot mate van *kollektiewe beheer* oor die terrein van sportafrigting meebring. Omdat professionele en amateurafrigters by die afrigtingsvereniging affilieer, bied dit verder 'n *mate van beskerming* vir beide groepe afrigters. Bepaalde *kriteria* vir *werwing en opleiding* sal daartoe lei dat slegs persone wat vir afrigting geskik is en oor die nodige bekwaamhede beskik, toegelaat word om af te rig.

Die afrigter verbind hom verder tot die handhawing van bepaalde etiese kodes wat in sy afrigtersooreenkoms vervat behoort te wees*. *Gedragreëls* wat neergelê word tesame met doeltreffende opleiding sal beteken dat afrigters 'n *sin vir verantwoordelikheid* ontwikkel. Hulle behoort onder andere die

* Vergelyk afrigtersooreenkomste p. 548 en 551.

belange van die sportdeelnemer bo eie belang te plaas en ook lojaal teenoor kollegas op te tree. As gevolg van die besondere wyse waarop h afrigter sy taak aanpak, tesame met verbeterde beroepsmoontlikhede en -sekuriteit, sal die sportafrigters= beroep tot h *posisie van waardigheid* en *sosiale status* in die gemeenskap verhef kan word.

Die professionalisering van sportafrigting in Suid-Afrika sal veel meer as net finansiële implikasies meebring. Dit sal h doelgerigte volgehoue poging van almal wat die belang van die sportdeelnemer, die sportgebeure, die Suid-Afrikaanse gemeenskap en inderdaad van die land self, voorop stel, vra.

Indien h geprofessionaliseerde sportafrigtingspraktyk in Suid-Afrika h werklikheid word, sal sport as die middel waardeur komprehensiewe en harmoniese ontwikkeling in die mens teweeggebring kan word, h regmatige plek in die samelewing inneem.

Die voorstelle wat gemaak is, raak die volgende sake:

- Die instelling van h koördineerde sportafrigtingsvereniging vir alle sportsoorte in die RSA.
- Die opleiding van sportafrigters op formele- en nie-formele grondslag. h Opleidingsprogram vir beide formeelopgeleide en nie-formeelopgeleide professionele afrigters is ook voorgestel.
- Wyses vir die finansiering van sportafrigting is aangedui;
- Voorstelle is gemaak waarvolgens die status van die sportafrigter verbeter kan word. Dit raak onder andere opleiding, beroepsmoontlikhede en beroepsekuriteit.

- Aanbevelings met betrekking tot afrigtingsgeleenthede is gemaak. Dit het betrekking op skoolafrigting, en deelname- en afrigtingsgeleenthede buite skoolverband.
- Sporttalent moet vroegtydig geïdentifiseer word.
- Sportnavorsing en inligting rakende sportnavorsing is bespreek, en die eenvormige beheer van Suid-Afrikaanse sportnavorsing is bepleit.
- Die aanvaarbaarheid van die sportafrigter in die gemeenskap en sy samewerking met afrigtingsinstansies is beklemtoon.

7.4 OPVOLGNAVORSING

Die voorstelle wat vir die professionalisering van sportafrigting in die RSA gemaak is, is gefundeer op die navorsingsresultate wat tydens die ondersoek na vore gekom het. Uit die navorsing kan riglyne vir professionalisering geformuleer word, terwyl bepaalde behoeftes en tekortkominge wat deur 'n geprofessionaliseerde benadering reggestel kan word, ook geïdentifiseer kan word.

Die voorstelle berus dus op 'n gefundeerde teorie wat in 'n verantwoordbare praktyk gestalte sal moet vind. Alhoewel sommige voorstelle volgens gegewens wat uit die vraelyste beskikbaar gestel is (bylae A en B) reeds geregverdig kan word, moet die aanvaarbaarheid daarvan vir 'n unieke Suid-Afrikaanse situasie egter deur middel van 'n empiriese ondersoek in die praktyk getoets word.

Die voorstelle wat gemaak is, is getoets aan die menings van enkele kundiges wat in dié verband genader is. Na aanleiding

van die onderhoude wat met hulle gevoer is, het die volgende onder die aandag gekom:

As gevolg van die wye terrein wat deur die voorstelle gedek word, kon die persone wat genader is in die meeste gevalle oor slegs enkele van die voorstelle 'n mening uitspreek. Sommige kon byvoorbeeld praat oor die oorkoepelende afrigtingsliggaam of die opleiding (formeel of nie-formeel) vir professionele afrigters, terwyl ander oor die status van die sportafrigter, sportnavorsing of die behoefte aan afrigtersopleiding gesaghebbende uitsprake kon lewer.

Dit dui daarop dat belanghebbende sportlui eers met die inhoud van die voorstelle en die teoretiese onderbou wat dit vooraf gegaan het, vertrouwd gemaak moet word, alvorens hulle mening wetenskaplik beoordeel kan word. 'n Empiriese ondersoek is hiervoor nodig.